higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 2

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

1. Merk al die vrae.

2. Volg die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Gebruik slegs ’n rooi pen.

4. Maak regmerkies en kruisies netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B		
	1.1.2	C		
	1.1.3	A		
	1.1.4	D		
	1.1.5	A		
			(5 × 2)	(10)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Onwaar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Onwaar		
			(5 × 2)	(10)
1.3	1.3.1	C		
	1.3.2	E		
	1.3.3	A		
	1.3.4	B		
	1.3.5	F		
			(5 × 2)	(10)
1.4	1.4.1	krabbel		
	1.4.2	tegnologie		
	1.4.3	ontwikkeling		
	1.4.4	fobies		
	1.4.5	gevoelens		
			(5 × 2)	(10)
1.5	1.5.1	taktiele		
	1.5.2	fontanelle		
	1.5.3	kombinasie		
	1.5.4	aangeleer		
	1.5.5	uitgesluit		
			(5 × 2)	(10)

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 **<u>Groei</u>** verwys na kwantitatiewe veranderinge✓ soos massa, lengte, groei en struktuur.✓

- Groei verwys na die fisiese grootte van die kind.✓
- Die toename in funksie, bv. spraak- of wiskundevermoë.✓
- Persoonlike groei soos die persoon se sielkundige volwassenheid.✓
- Groeikoerse verskil tussen bv. seuns en meisies.

- **<u>Ontwikkeling</u>** verwys na voortdurende veranderinge✓ wat die individu ondergaan vanaf bevrugting tot die dood.✓
- Dit sluit in fisiese, kognitiewe,✓ emosionele, sosiale,✓ moreel-normatiewe en persoonlikheidsontwikkeling.✓
- Die bereiking van sekere ontwikkelingsmylpale. (Enige verwante antwoord) (10)

2.2 2.2.1 Probleemoplossingsvaardighede:✓

- Hierdie vaardigheid word ontwikkel wanneer die kleuter soek om te probeer uitvind waar die ouer broer wegkruip.✓

Besluitneming:✓

- Hierdie vaardigheid word ontwikkel wanneer die kleuter besluit watter rigting om in te slaan wanneer hy na die ouer broer soek.✓

Ruimtelike bewustheid:

- Hierdie vaardigheid word ontwikkel wanneer die kleuter agterkom dat die plek wat hy/sy kies 'n geskikte wegkruipplek is. (Enige verwante 2 × 2) (4)

2.2.2 Saam speel:✓

- Hierdie sosiale vaardigheid word ontwikkel wanneer die kleuter met die ouer broer speel.✓

Maak beurte:✓

- Hierdie sosiale vaardigheid word ontwikkel wanneer die kleuter verstaan dat hulle beurte kan maak.✓

Kommunikasie:

- Hierdie vaardigheid word ontwikkel wanneer die kleuter tussen die wegkruip, soek en vind met die ouer broer kommunikeer. (Enige verwante 2 × 2) (4)

2.3

- Spraakterapeut – help met enige spraak- en taalhindernisse.
- Maatskaplike werker – help met probleme by die huis, bv. egskeiding, mishandeling, ens.
- Arbeidsterapeut – help met leerprobleme, bv. fynmotoriese ontwikkeling.
- Pediater – help met gesondheids- en ontwikkelingsprobleme van jong kinders. (4)

Kopiereg voorbehou

2.4
- Die kind moet geleer word om nie toe te laat dat net enige persoon hulle op 'n onvanpaste manier aanraak nie.
- Die kind moet geleer word om enige persoon wat hulle liggaam onvanpas aanraak, aan te gee.
- Die kind moet geleer word dat enige van hulle liggaamsdele wat deur hulle onderklere of swemkostuum bedek word, privaat is en deur niemand aangeraak mag word nie.
- Die kind moet geleer word om slegs nabye familielede, versorgers of mediese persone toe te laat om hulle liggame aan te raak om hulle higiëne en gesondheid te handhaaf.
- Die kind moet geleer word om 'Nee' te sê sonder om skuldig te voel as daar 'n poging is om hulle liggaam te mishandel. (3)

[25]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Prent A (1)

3.1.2
- Lapboeke is meer geskik vir die ouderdomsgroep van 0 tot 2 jaar.
- Lapboeke is veilig selfs wanneer die kleuter dit in sy mond sit.
- Hulle kan die lapboek maklik vashou.
- Die boek kan nie skeur nie.
- Die lapboeke kan gewas word. (Enige 3 × 1) (3)

3.1.3 Prent B (1)

3.1.4
- Die groot boek het groot letters/font wat die leerders kan sien wanneer hulle in 'n groep sit.
- Die groot boek het groot prente.
- Die groot boek herhaal frases/sinne wat geskik is vir ontluikende lees.
- Verhale pas by hulle leefwêreld.
- Die groot boekweergawe is ideaal vir nuwe (ontluikende) lesers. (Enige 3 × 1) (3)

3.2 3.2.1 Tyd wat gebruik word om 'n toestel soos 'n rekenaar, televisie, slimfoon, tablet of videospeletjie te gebruik. (1)

3.2.2
- Dit stimuleer kreatiwiteit en motiveer kinders om nuwe vaardighede aan te leer deur tegnologie te gebruik.
- Dit stel kinders bloot aan die wêreld daar buite.
- Hulle kan dinge op 'n video sien wat hulle nog nooit gesien het nie, bv. die see, 'n oerwoud, ens.
- Dit kan kinders help om uitspraak te leer.
- Dit kan kinders help om woordeskat op te bou.
- Dit kan kinders help om 'n nuwe taal aan te leer.
- Dit kan kinders se verbeelding uitbrei. (Enige verwante 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

3.2.3
- Sy kan 'n CD-speler gebruik dat hulle kan sing en op die maat van musiek kan beweeg.
- Sy kan vir hulle 'n musiekvideo wys en hulle kan die bewegings namaak.
- Sy kan 'n klawerbord gebruik
- Sy kan mikrofone gebruik en hulle in die groep laat optree.
- Sy kan haar foon gebruik om musiek te speel op die maat waarvan hulle kan beweeg.
- Sy kan hulle sang opneem en dit vir hulle terugspeel.

(Enige verwante antwoord). (Enige 3 × 1) (3)

3.3
- Hou spesiale dae waar kinders kans kry om oor hulle gesinne te praat.
- Vier alle spesiale vakansiedae van al die kulture in jou klasgroep.
- Stel kos, musiek en klere van verskillende kulturele aan die kinders in die klas bekend.
- Vra ouers om te help om 'n multikulturele klaskamer te skep.
- Nooi verskillende kulture om hulle gebruike en tradisies aan die kinders te kom verduidelik.
- Leer vir hulle liedjies van verskillende verteenwoordig kulture in die klas.
- Vertel vir hulle stories oor verskillende kulture.

(Enige verwante 5 × 1) (5)

3.4
- Die VKO-sentrum aanvaar kinders wat fisies gestremd is.
- Die VKO-sentrum aanvaar kinders met leergestremdhede.
- Die VKO-sentrum aanvaar kinders wat MIV-positief is.
- Die VKO-sentrum het opritte vir kinders op rolstoele.
- Die VKO-sentrum gebruik kleurvolle, groot plakkate met groot font vir die gesiggestremde leerders.
- Die VKO-sentrum se klasse het breër deure om rolstoele te akkommodeer. (5)

(Enige verwante 5 × 1) **[25]**

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Om te verseker dat haar swangerskap normaal vorder.
- Om te verseker dat die baba goed groei en ontwikkel.
- Daar is toetse beskikbaar om abnormaliteite of probleme op te spoor.
- Om haar bloeddruk, suikervlakke, ens. te kontroleer (2)

4.1.2
- 'n Baba word as vroeggebore beskou as dit ná minder as 37 weke se swangerskap gebore word.
- ’n Baba wat minder as 2,5 kg weeg. (2)

4.1.3
- Die dramatiese veranderinge/skommelinge in die moeder se hormoonvlakke.
- Die oorweldigende gevoel van hulpeloosheid.
- Dit word dikwels die bababedruktheid of "baby blues" genoem
- Mediese ingryping.
- Vorige persoonlike ervarings. (2)

4.1.4
- Maandstonde oorgeslaan.
- Teer en geswelde borste.
- Naarheid of oggendsiekte.
- Uitgeputheid/moegheid.
- Gereelde urinering.
- Party ervaar hoofpyne.
- Sensitiwiteit vir reuke.
- Gemoedskommelinge.
- Toename in gewig.

(2)

4.2
- Taktiele persepsie✓ – inligting wat ons kry deur aan te raak.✓
- Visuele persepsie✓ – inligting wat ons kry deur te sien.✓
- Ouditiewe persepsie✓ – inligting wat ons kry deur te hoor.✓
- Olfaktoriese persepsie✓ – inligting wat ons kry deur te ruik.✓
- Smaakpersepsie – inligting wat ons kry deur te proe. (Enige 4 × 2) (8)

4.3
- Vertragings in ontwikkeling kan die kind in gevaar stel vir latere identifikasie.
- Vertragings kan latere opvoedkundige prestasie beïnvloed.
- Dit is nie in die kind se belang om te wag en te kyk of hy die probleem sal ontgroei nie.
- Hoe gouer die kind 'n ingryping kan kry, hoe beter.
- Ondersteuning wat op 'n vroeë stadium gegee word, het 'n groter uitwerking.
- Ondersteuning kan die uitwerking van die gestremdheid op die kind se ontwikkeling verminder.
- Dit sal die ouers help om toegang tot ondersteuning vir hulle kind te kry.
- As dit voor geboorte opgespoor word, kan ouers vooraf voorberei om die situasie te hanteer. (Enige verwante 5 × 1) (5)

VRAAG 5

4.4
- Kultuur
- Geslag
- Klas/Groep
- Ras/Etniese groep
- Godsdiens
- Gesinstruktuur (soos enkelouer, albei ouers, uitgebreide gesinne, huise met 'n kind aan die hoof, ouers van dieselfde geslag) (Enige 4 × 1) (4)

[25]

5.1.1
- Jou selfbeeld is die prentjie wat jy van jouself het.
- Selfbeeld is hoe jy jou eie liggaam ervaar.
- Selfbeeld word gevorm deur persoonlike ervarings of die internalisering van die beoordeling van ander.
- 'n Swak selfbeeld kan die gevolg wees van opgehoopte kritiek wat ervaar word.
- Kinders is gevoelig vir kritiek aangesien hulle nog nie die vaardighede bemeester het om kritiek te verwerk nie.
- Selfbeeld is gebaseer op selfkennis verkry uit selfevaluering. (Enige verwante antwoord)

(2)

5.1.2
- Kinders voel goed oor hulleself.
- Hulle is energiek en selfversekerd.
- Hulle probeer take en glo dat hulle sal slaag.
- 'n Goeie selfbeeld beïnvloed alle fases van groei en ontwikkeling.
- Hulle sal goeie sosiale verhoudings bou.
- Hulle hou daarvan om nuwe dinge te verken en te probeer.
- Dit help hulle om kritiek beter te hanteer.

(5)

5.1.3
- Deur die kind te prys vir goeie dinge wat hy gedoen het.
- Deur hom te help om te verstaan hoe om kritiek te hanteer.
- Deur vir hom te wys dat jy in hom glo en dat hy dinge op sy eie kan doen.
- Deur die kind aan te moedig om te verken, take te voltooi, ens.
- Deur hulle te aanvaar en lief te hê. (Enige toepaslike antwoord)

(1)

5.2
- Leerders gebruik hulle hande (gebare) wanneer hulle praat.
- Leerders maak staat op wat hulle sien, doen en ervaar.
- Leerders geniet praktiese aktiwiteite/praktiese benadering.
- Leerders geniet uitstappies.
- Leerders waardeer fisiese aanraking as 'n vorm van aanmoediging.
- Leerders kommunikeer deur aan te raak.
- Aktiwiteite soos kuns en konstruksie help leerders om te leer.
- Leerders moet aktief wees en baie pouses hê, moeilik om stil te sit.
- Hulle moet 'n bal bons of op een voet staan of handbewegings gebruik wanneer hulle werk memoriseer. (Enige verwante 7 × 1)

(7)

[25]

Kopiereg voorbehou

5.3
- Swak oog-handkoördinasie.
- Frons of kyk deur skrefiesoë wanneer na iets gekyk word.
- Hou 'n boek baie naby hulle gesig om te sien.
- Hou 'n speelding baie naby aan hulle gesig om te sien.
- Lompheid, stamp teen dinge.
- Hoofpyn.
- Swak oog-handkoördinasie. (Enige 5 × 1) (5)

5.4
- Voeding en gesondheid:✓
- Honger kinders kan nie leer nie en word maklik siek.✓
- Ouers kan nie voedsame maaltye of genoeg kos bekostig nie.✓
- Hulle het dalk nie toegang tot veilige water nie, wat 'n verwoestende uitwerking op hulle gesondheid kan hê.✓
- Daar is dalk nie vroeëkinderontwikkelingsdienste van hoë gehalte naby hulle nie.✓
- Gebrek aan hulpbronne: ouers kan dalk nie genoeg vir hulle kinders voorsien nie, bv. kan nie skoolgeld betaal nie, kan nie behoorlike klere bekostig nie.
- Ouers het moontlik hulle werk en inkomste verloor. Kan nie vir hulle kinders voorsien nie. (Enige verwante 5 × 1)

(5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150